# Ekonomiese groei *versus* herverdeling as metodes om armoede in Suid-Afrika te verlig

S.J. van der Merwe
Departement Ekonomie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Z. Clausen
Departement Ekonomie
Vista Universiteit
WELKOM

**Abstract**

**Economic growth versus redistribution as methods to relieve poverty in South Africa**

*The most significant economic problems in South Africa are unemployment, concomitant with widespread poverty and an unequal distribution of income. One of the major mechanisms reducing poverty and inequality is the creation of employment opportunities resulting from economic growth. The sources of economic growth are capital accumulation (including all new investments in land, physical equipment and human resources), growth in the labour force, and technological progress. This article focuses on the issue of growth versus distribution. Job creation is investigated in terms of two paradigms, namely redistribution-through-growth (as associated with the NEM) and the growth-through-redistribution (as associated with the RDP). It is concluded that neither economic growth (as supported by the NEM) nor redistribution in itself (as supported by the RDP) is sufficient for job creation. An alternative or integrated approach, namely redistribution and growth, is recommended for South Africa.*

## 1. Inleiding

Een van die grootste probleme in die ekonomie van Suid-Afrika is grootskaalse werkloosheid en die gepaardgaande armoede van 'n groot deel van die bevolking. Die werkloosheidskoers in Suid-Afrika word al geraam as tussen veertig en vyftig persent. Alhoewel die meting van werkloosheid asook die resultate uit die verskillende statistiese bronne debatteerbaar bly, is die opwaartse tendens in werkloosheid op provinsiale sowel as nasionale vlak duidelik waarneembaar. Die moontlike oorsake van die werkloosheid sluit onder andere in arbeidsmark-starheid (arbeidsmarkte en reële lone wat nie vinnig genoeg by veranderende omstandighede soos tegnologiese verandering aanpas nie), 'n hoë bevolkings-groeikoers, die stadige ontwikkeling van entrepreneurskap, markverwringing van veral die pryse van arbeid en kapitaal, 'n tekort aan vaardighede soos geskoolde mannekrag, en die afwesigheid van 'n gunstige sakeklimaat waarbinne

ekonomiese groei kan plaasvind. Die ekonomie se onvermoë om werk aan die totale arbeidsmag te verskaf word gevolglik beklemtoon.

Werkloosheid en die toename in werkloosheid kan gesien word teen die agtergrond van swak ekonomiese groeiprestasies die afgelope aantal jare. Daar bestaan ook 'n verwantskap tussen 'n hoë werkloosheidskoers met wydverspreide armoede en 'n ongelyke inkomsteverdeling (Todaro, 1990:244). Om die werkloosheidsprobleem en gevolglik armoede te verlig moet die volgende twee faktore in ag geneem word: ekonomiese groei en die herverdeling van inkomste en rykdom. In die volgende afdeling word hierdie twee faktore ontleed en word elkeen daarna aan die hand van 'n bepaalde paradigma beskryf. Laastens sal aangetoon word dat albei hierdie faktore as beleidsmaatreël aangewend moet word om die probleem van werkloosheid en armoede op te los.

## 2. Ekonomiese groei en herverdeling

Ekonomiese groei is 'n toename in die reële produksie van 'n land. Die primêre oorsake vir die stimulering van ekonomiese groei is in die volgende geleë:

- Investering (wat van persoonlike besparing afhanklik is) en wat die kwaliteit van bestaande fisiese en menslike hulpbronne verbeter.
- Die toename in die kwantitatiewe hulpbronne (arbeid, kapitaal, grondstowwe en ondernemerskap).
- 'n Toename in die produktiwiteit van al die spesifieke hulpbronne deur uitvindings, innovasies, kreatiwiteit en tegnologiese vooruitgang.

Uit die Skrif word hierdie gedagtes ondersteun: Die kultuuropdrag van God aan die arbeider is om die aarde te bewerk en te beheers. Die sondeval wat die breuk met die paradys meegebring het, dwing die mens om te werk om die skaars middele te bekom waarmee hy in sy menigte behoeftes kan voorsien. Omdat dit nie moontlik is om in al die (steeds groeiende getal) behoeftes te voorsien nie, lê daar 'n groot verantwoordelikheid in die aanwending van die verkreë middele. Net so word die talente en die benutting van die vermoëns van die arbeider beskryf in die gelykenis van die goue muntstukke: die slaaf met inisiatief het handel gedryf en baie meer verdien (Lukas 19:11-25). In Efesiërs 5:16 word dit ook beklemtoon dat die beste gebruik gemaak moet word van elke geleentheid.

Ekonomiese groei word weerspieël deur 'n reële toename in die bruto binnelandse produk. In die volgende tabel word die gemiddelde jaarlikse persentasieverandering in die reële bruto binnelandse produksie (BBP), dit is die ekonomiese groeikoers, aangetoon asook die gemiddelde groei in reële BBP *per capita*.

**Tabel 1. Ekonomiese groei in Suid-Afrika gedurende die periode 1961 tot 1995**

| Periode | Gemiddelde reële groei in BBP | Gemiddelde reële groei *per capita* |
|---|---|---|
| 1961 - 1970 | 5,7 % | 2,9 % |
| 1971 - 1980 | 3,4 % | 0,7 % |
| 1981 - 1985 | 1,4 % | -1,1 % |
| 1986 - 1990 | 1,7 % | -0,7 % |
| 1991 - 1995 | 0,8 % | -1,4 % |

Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Desember 1996.

In die tabel kan duidelik gesien word dat die gemiddelde ekonomiese groeikoers oor die afgelope aantal jare afgeneem het. Die gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroeikoers tussen 1980-1991 was 2,4% (Mohr & Fourie, 1995:394). As aanvaar word dat hierdie bevolkingsgroeikoers van 2,4% vir die periode van 1961 tot 1995 gegeld het, kan daaruit afgelei word dat die bevolkingsgroei sedert die tagtigerjare vinniger as die groei in produksie plaasgevind het. Hierdie aanname bevestig gevolglik waarom werkloosheid die laaste aantal jare so toegeneem het. In die laaste kolom van die tabel word die groei in die gemiddelde reële *per capita*-produk voorgestel. Die *per capita*-produk neem af as die BBP-groei laer as die bevolkingsgroei is. Sedert die tagtigerjare is daar 'n negatiewe gemiddelde groei *per capita* wat impliseer dat armoede onder die bevolking toeneem.

In 'n wyer konteks is ekonomiese ontwikkeling 'n kontinue strukturele verandering wat ekonomiese groei insluit. Ekonomiese ontwikkeling sluit dus die omstandighede van die mense van 'n land in en daarom word gekyk na 'n verbetering van lewenskwaliteit van elke individu in 'n provinsie of land. Ekonomiese groei en ontwikkeling kan dus as 'n belangrike beleidsmaatreël gesien word omdat dit werk en inkomste aan almal kan verskaf.

Die markmeganisme sorg vir 'n ekonomies doelmatige toedeling van hulpbronne – dit word aangewend waar dit die meeste resultate afwerp. Sowel Adam Smith as Pareto het reeds vroeg bewyse gelewer dat alle produsente en verbruikers mekaar op die mees doeltreffende wyse dien indien hulle in geheel hul eie belang nastreef binne die markmeganisme (Samuelson & Nordhaus, 1989:41, 747). Een van die groot probleme en kritiek teen die markmeganisme is dat dit tot ongelyke inkomsteverdeling lei wat die verbruikersvraag skeeftrek. Wat inkomsteverdeling

betref, word dit algemeen aanvaar dat Suid-Afrika een van die mees ongelyke verdelings van inkomste in die wêreld het, vir lande waarvoor statistiek beskikbaar is. Die Gini-koëffisiënt ('n maatstaf wat die inkomsteverdeling meet) van Suid-Afrika is in 1991 as 0,68 geraam (Mohr & Fourie, 1995:141). 'n Gini-koëffisiënt varieer tussen nul en een. As inkomste absoluut gelyk verdeel is, dan is die waarde nul en hoe groter die ongelyke inkomsteverdeling, hoe nader aan een is die waarde. Vir die ontwikkelde nywerheidslande lê die Gini-koëffisiënt gewoonlik tussen ongeveer 0,35 en 0,45 terwyl die koëffisiënt vir die ontwikkelende lande tussen 0,45 en 0,60 lê (Mohr & Fourie, 1995:140). Die beraming van Suid-Afrika is dus besonder hoog. Suid-Afrika se inkomste-verdeling het tradisioneel langs rasselyne beweeg, met blankes wat die meeste verdien het gevolg deur Indiërs, bruin mense en dan swartes. In die onlangse jare het hierdie gapings tussen rasse begin verklein maar terselfdertyd het die verdeling binne die swart groep meer ongelyk geword (Mohr & Fourie, 1995:132). Hierdie verskynsel kan gevolglik lei tot 'n toename in werkloosheid omdat slegs 'n gedeelte van die bevolking in die formele ekonomie in diens geneem word terwyl die armoede van die werkloses – veral op die platteland – toeneem.

Met herverdeling word dan doelbewuste pogings aangewend om ongelykhede in 'n samelewing te verminder en/of die absolute situasie van armes te verbeter. Die herverdelingsproses om struktuurverandering en uiteindelik ekonomiese groei en ontwikkeling te verkry kan soos volg uiteengesit word (Abedian & Standish, 1990:335). Aan die een kant kan herverdeling 'n toenemende aanvraag stimuleer – 'n aanvraag wat 'n toenemende produksie en inkomste inhou. Aan die ander kant kan herverdeling 'n toenemende aanbod – wat toenemende produktiwiteit inhou – stimuleer. In laasgenoemde geval behoort herverdeling 'n doeltreffender aanwending van bronne deur middel van mannekragontwikkeling en die voorsiening van 'n finansiële en fisiese infrastruktuur moontlik te maak.

## 3. Paradigmas (of denkrigtings)

Arbeid is roepingsvervulling. Talente is oneweredig verdeel en die aanwending van hierdie Godgegewe talente kan die dryfveer in die ekonomie wees. Hierdie sienswyse wys op die rol van ekonomiese groei. Word hierdie arbeider vir sy arbeid beloon (want hy is geregtig op 'n loon, Luk. 10:7 en Matt. 10:10), kan dit tot verdere motivering en inisiatief in die werksplek lei. Daarteenoor kan naasteliefde rigtinggewend vir 'n ander sienswyse wees. Die nastreef van 'n gemeenskaplike belang kan uiteindelik tot beter prestasie in die ekonomie lei: deur byvoorbeeld die lewensomstandighede van die inwoners van 'n land te verbeter kan arbeiders gemotiveer word om 'n bydrae tot die ekonomie te lewer. Daar kan gevolglik afgelei word dat die verligting van armoede deur werkverskaffing vanuit twee denkrigtings benader kan word. Elke denkrigting

toon aan dat as 'n spesifieke oogmerk nagevolg word (die verbetering van lewensomstandighede), dan sal die gevolg (die motivering van arbeiders) outomaties in werking gestel word. Wanneer die klem op ekonomiese groei lê, word dit omvat deur die paradigma van herverdeling-deur-groei. Wanneer die klem meer op die herverdelingsproses val, word na die groei-deur-herverdeling-paradigma verwys. In hierdie afdeling word die toepaslikheid van die twee paradigmas in die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek.

### 3.1 Herverdeling-deur-groei

Hierdie paradigma hou verband met die benadering van "groei nou" en "herverdeel later", dit wil sê herverdeling kan slegs deur middel van hoë, toekomstige ekonomiese groeikoerse verkry word (Dollery, 1993:25). 'n Vereiste vir ekonomiese groei is dat daar voldoende investering in die ekonomie plaasvind. Investering is egter afhanklik van besparing terwyl besparing alleen plaasvind as daar hoë persoonlike en maatskappy-inkomste bestaan. In Suid-Afrika met sy ongelyke inkomsteverdeling is daar dus wel 'n klein groep van die bevolking wat 'n groot deel van die inkomste verdien. Hierdie hoë inkomste-verdieners is verantwoordelik vir die noodsaaklike besparing wat in die ekonomie moet plaasvind. As die rykes dus 'n beduidende gedeelte van hul inkomste spaar en investeer terwyl die armes al hul inkomste op verbruiksgoedere bestee, en as die groei in BBP verband hou met die gedeelte van die nasionale inkomste wat gespaar word, dan kan 'n ekonomie met 'n ongelyke inkomsteverdeling meer spaar en vinniger groei as een met 'n meer gelyke inkomsteverdeling (Todaro, 1990:169). Die deursyfering en oorspoeling van die voordele wat uit ekonomiese groei verkry word, verseker dat die armes oor die lang termyn kan baat vind. Hierdie paradigma is deur die vorige regering (volgens onder andere RSA, 1984 en SEAD, 1993) ondersteun, en is as die normatiewe ekonomiese model (NEM) voorgestel.

Die bevordering van ekonomiese groei, met die klem op werkskepping, word as die primêre doelstelling van die NEM gesien. Die werkskeppingsvermoë van die ekonomie, soos gemeet deur die produksie-elastisiteit van indiensname word gevolglik beklemtoon. Die bevordering van indiensname met die klem op arbeidsintensiteit behoort op drie maniere te geskied, naamlik:

- Die huidige arbeidstruktuur behoort optimaal benut te word.
- Sektore met groter indiensnemings- of werkskeppingsvermoëns behoort tydens die ekonomiese groeiproses beklemtoon te word.
- Werkskepping behoort gerig te word op die bevolkingsegmente waar werkloosheid kritiek is (byvoorbeeld minderbevoorregte groepe, jeugdiges en vrouens). (Vgl. SEAD, 1993:218.)

Ekonomiese groei sal meer werksgeleenthede in die formele sektor en gevolglik 'n inkomste vir werkloses en armes teweegbring. Produktiewe investering, toenemende uitvoer en produktiwiteit word gesien as sleutels in die verligting van ekonomiese probleme soos werkloosheid. Slegs aanpassings en ondersteunende maatreëls word oorweeg om indiensname oor die kort termyn te bevorder.

Die ondersteunende maatreëls soos in die NEM uiteengesit, sluit in 'n bestaansbeveiligingsnetwerk (werkloosheidsversekeringstelsel, werkskeppings-, opleidings- en voedselhulpprogramme), spesiale werkskeppingprogramme, die aanwending van fondse wat verkry is uit die verkoop van strategiese oliereserwes vir die bevordering van werkskepping, en die begroot van fondse vir ontwikkelingsagentskappe en -instellings.

### 3.1.1 Pluspunte van die paradigma van herverdeling-deur-groei

- Die eerste pluspunt hou verband met inkomsteverspreiding en ekonomiese groei. Noodsaaklike besparings kom van hoë inkomsteverdieners en die herverdeling van inkomste kan deur belasting en subsidieprogramme teweeggebring word. 'n Gelyker inkomsteverspreiding kan dus oor die lang termyn deur middel van ekonomiese groei verkry word (Cline, 1972:9). Volgens Abedian en Standish (1992:219) kan hierdie paradigma 'n standhoudende en blywende (langtermyn-) verandering in die verspreidingspatroon van inkomste deur middel van die markmeganisme meebring.

- Strukturele probleme rondom investering en arbeid word in die NEM ingesluit en ondersoek. 'n Aanbodkantbenadering wat op die verbetering van infrastrukturele groei, welvaartskepping, werkskepping asook die vernouing van die ontwikkelingsgaping in Suid-Afrika fokus, word gevolg.

- Die owerheidsrol word beperk tot die skepping van 'n gunstige klimaat waarin die private sektor die noodsaaklike groei in die ekonomie kan bewerkstellig.

### 3.1.2 Negatiewe aspekte van herverdeling-deur-groei

- Dié paradigma kan 'n reeks neerdrukkende ekonomiese praktyke in die hand werk. In hierdie verband kan byvoorbeeld gedink word aan die deursyferingseffek wat jare kan neem om te materialiseer en herverdelingsaksies uiteindelik beperk (Moll, 1991:33).

- Verskeie lande soos Brasilië en die Fillipyne het versnelde ekonomiese groeifases ervaar. Hoewel hierdie groeifases met 'n ongelyke inkomste- en welvaartsverspreiding begin het, het toenemende ongelykheid oor lang periodes ontstaan. Die rykes is dus verder bevoordeel terwyl die deursyferingseffek na die armes onsuksesvol was.

- Ondoeltreffendheid kan deur die volgende aspekte meegebring word:
  - Die afname in die investering in menslike kapitaal en vaardighede. Hierdie afname kan toegeskryf word aan die bevoordeling van lae-inkomstegroepe met lae spaargeneigdhede.
  - Hoër-inkomstegroepe wat persoonlike besparing verlaag om sodoende hul lewenstandaarde te beskerm.
  - Totale investering wat afneem.
  - Uitvoervolumes wat afneem.
  - Grootskaalse emigrasie wat kan voorkom.
- Die afnemende produksie-elastisiteit van indiensname (die mate waartoe indiensname verander as gevolg van 'n verandering in produksie of ekonomiese groei) en die absorpsiekapasiteit van arbeid word 'n al hoe groter wordende probleem. Die werkskeppende vermoë van die formele ekonomie neem dus af en ekonomiese groei alleen kan nie genoegsame werksgeleenthede daarstel nie.
- Die standpunt dat die owerheidsrol beperk moet word tot die daarstelling van 'n gunstige klimaat waarin die private sektor kan groei, word deur die NEM gevolg. Oormatige klem word geplaas op ekonomiese groei en die markmeganisme om ontwikkelingsfases (onder andere tussen blankes en swartes) te verklein. Klein ondernemings word egter verwaarloos as 'n integrale deel van die ontwikkelingsproses.

### 3.2 Groei-deur-herverdeling

Dié paradigma hou verband met die strategie van "herverdeel nou, groei later". Moll (1991:311) definieer groei-deur-herverdeling as 'n volgehoue herverdeling van inkomste wat, indien dit as bron van ekonomiese groei beskou word en die belofte van ooglopende vooruitgang inhou, as 'n sukses erken kan word. Hierdie herverdelingsbeleid (waar die welvaartsurplusse die welvaartsverliese oorskry) is die hoeksteen van die ANC se beleid (1990:4 en 1994:6). Die HOP (Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram) word as instrument gebruik om hierdie beleid prakties uit te voer.

Dié paradigma (groei-deur-herverdeling) bestaan hoofsaaklik uit drie komponente (Terreblanche, 1992:559) naamlik:

- Die herstrukturering van die vraag wat 'n verandering in die samestelling van die totale vraag om plaaslik vervaardigde goedere met 'n lae invoerinhoud te

ondersteun, verteenwoordig. (Die herstrukturering van die vraag word spesifiek op die armes gerig.) Hierdie herstrukturering van die vraag, beter bekend as inwaartse industrialisasie, kan 'n meer toeganklike en produktiewe struktuur in die ekonomie skep en ook indiensname en ekonomiese groei stimuleer.

- 'n Spaarkapasiteitskomponent word in die ekonomie aangetref. Hierdie spaarkapasiteitskomponent berus op die aanname dat 'n oormatige, onderbenutte en produktiewe kapasiteit deur middel van verhoogde vraag onmiddellik gemobiliseer kan word (*kick-start*). Hierdie komponent word gebou op die herverdeling van inkomste via 'n verhoogde vraag.

- 'n Makro-ekonomiese beleid, beter bekend as makro-ekonomiese populisme, versteur of tas die balans in die ekonomie aan. Dornbusch en Edwards (1990: 247) definieer makro-ekonomiese populisme as 'n ekonomiese benadering wat groei en inkomsteverdeling oorbeklemtoon, terwyl die risiko van inflasie en die finansiering van begrotingstekorte, eksterne beperkinge en die reaksie van ekonomiese agente met betrekking tot aggressiewe nie-markbeleide onderbeklemtoon word. Makro-ekonomiese populisme hou verband met die herstrukturering van die vraag waarby die totale ekonomie behoort baat te vind. Verskeie voorbeelde van makro-ekonomiese populisme het veral in Latyns-Amerikaanse lande, soos onder andere Argentinië (1946-1949) en Peru (1985-1988) voorgekom.

Elkeen van die komponente soos dit hierbo uiteengesit is, hou voor- en nadele in wat onder die pluspunte en negatiewe aspekte van die paradigma en die HOP bespreek word. Die HOP (ANC, 1994:1) word as 'n geïntegreerde, sosio-ekonomiese beleidsraamwerk gesien. Hierdie beleidsraamwerk sluit die mobilisering en benutting van die Suid-Afrikaanse hulpbronne in, met die doel om herverdeling te laat plaasvind, tot werkskepping by te dra en armoede te verlig. Een van die pluspunte van die HOP is dat basiese behoeftes bevredig word. Daar word voorsien in basiese behoeftes, onder andere deur middel van verbeterde produksie en huishoudelike inkomste, werkskepping, produktiwiteit en doeltreffendheid, diensvoorwaardes en die skepping van geleenthede om self-versorgend te wees. 'n Nasionale werkprogram word as werkskeppingsprogram voorgestel. Voorbeelde hiervan is werkskepping oor die kort termyn wat minderbevoorregtes (jeug en vrouens) insluit, bystand in die geval van hulpbehoewendes (bejaardes, gestremdes en armes), die nodige infrastruktuur-skepping, onderwys en opleiding.

### 3.2.1 Pluspunte van die paradigma van groei-deur-herverdeling

- Ekonomiese groei en inkomsteverdeling kan mekaar wedersyds beïnvloed. Volgens Eckert en Mullins (1989:10) kan 'n herverdeling van inkomste oor die kort termyn 'n toenemende verbruiksgeneigdheid, 'n sektorale herstrukturering van die totale vraag en 'n toenemende BBP-vermenigvuldiger in Suid-Afrika tot gevolg hê.

- Die verwantskap tussen ekonomiese groeifases en inkomste- en welvaartverdeling soos dit in ander lande ervaar word, word gestimuleer. Volgens Moll (1991:33) het lande soos Taiwan en Korea wat 'n ekonomiese groeifase met 'n gelyker inkomste- en welvaartverspreiding begin het, deurgaans 'n kontinue en standhoudende ekonomiese groei ervaar.

- Inwaartse industrialisasie kan die afnemende produksie-elastisiteit van indiensname en onder andere werkloosheid in Suid-Afrika omkeer. Arbeidsintensiewe produksietegnieke asook 'n laer vaardigheidsvlak word vereis. Verdere vereistes wat tot die sukses van inwaartse industrialisasie kan bydra, is onder andere reële loonverhogings wat met produktiwiteitstoenames gekombineer moet word asook die aanmoediging van klein ondernemings en die informele sektor (Barker & Backer, 1992:93).

- Die HOP is 'n program met konkrete voorstelle omtrent ontwikkelingsgapings tussen verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Ontwikkelingsgapings behoort deur middel van die bevrediging van basiese behoeftes uitgeskakel te word. Dit is gevolglik 'n vraagkantbenadering (*kick-start*) wat owerheidsinvestering en infrastrukturele toegang beklemtoon.

### 3.2.2 Negatiewe aspekte van groei-deur-herverdeling

- Die toenemende belasting op middel- en hoë-inkomstegroepe in Suid-Afrika. Volgens Loots *et al.* (1991:41) het die belastingdruk op individue 'n hoogtepunt bereik en sal dit moeilik wees om hierdie las verder te verhoog. Toenemende emigrasie sal voorkom van veral persone wat onder die hoër inkomstegroepe resorteer. Omdat sodanige persone ook gewoonlik oor die nodige vaardighede en inkomste beskik, bring dit afnemende ekonomiese groei mee.

- Volgens Moll (1991:316) hou die spaarkapasiteitskomponent (veral in ontwikkelende ekonomieë) 'n aantal negatiewe gevolge in:

  - Tydsprobleme soos byvoorbeeld die lengte van die konjunktuursiklus of droogtes wat kan voorkom, word as gegewe aanvaar en gevolglik is dit nie duidelik of toenemende owerheidsbesteding tot 'n hoër vraag op die regte tydstip kan lei nie.

- Foute ten opsigte van vraagbeheer kan negatiewe gevolge inhou, byvoorbeeld toenemende inflasie, kapitaalvlug, die ontmoediging van buitelandse kapitaalinvloei, afnemende besigheidsvertroue en investering wat ekonomiese groei kan ondermyn.

- 'n Onmiddellike herverdeling (soos dit in verskeie lande ervaar word) kan ekonomiese groei verlaag asook middelinkomste- in plaas van lae-inkomstegroepe bevoordeel (Maasdorp, 1990:205; Chenery, 1974:49).

- Volgens die HOP word ontwikkeling deur middel van herverdeling as die basis van 'n hoër ekonomiese groei gestel. Strukturele probleme in verband met investering en arbeid, asook die rol van die private sektor as welvaartskepper, en die verbeterde produktiwiteit van die sisteem word egter nie direk oorweeg nie.

- Volgens Moll (1991:326) kan geen herverdelingspakket in Suid-Afrika, veral ten opsigte van inkomste, maklik geïmplementeer word nie. Onmiddellike voordele sal klein wees en die trauma van transformasie groot.

In albei paradigmas word 'n oorwig argumente daarteen gevind. Die teenargumente spruit hoofsaaklik voort as gevolg van 'n oorbeklemtoning van ekonomiese groei in die eerste paradigma en herverdeling in die geval van die tweede paradigma. In die volgende afdeling word ekonomiese argumente ondersoek vir 'n alternatiewe benadering, naamlik een wat sowel ekonomiese groei as herverdeling beklemtoon.

## 4. Herverdeling en groei as 'n gesamentlike benadering

Ekonomiese groei veronderstel 'n doelmatige toedeling van hulpbronne wat deur die werking van die markmeganisme verkry kan word. Kritiek teen die markmeganisme is dat dit byvoorbeeld tot ongelyke inkomsteverdeling lei. Die opvatting ontstaan dan dat die owerheid die reguleerder van die ekonomie moet wees om 'n welsynstaat te vestig en te bewaar deur meer van ryker individue te neem en aan armes te gee ('n verdeling van welvaartfunksie). Die owerheid het dus die taak om stimulerend, korrektief en aanvullend op te tree ten opsigte van die resultate van die markekonomie. Die oplossing moet dus nie net lê by die kollektiewe beslissing van die owerheid nie (welsynstaat) nie, maar ook die werking van die markmeganisme wat tot die beste groeiresultate kan lei, moet betrek word.

In plaas daarvan om die twee paradigmas as kompetisie tot mekaar te sien kan 'n middeweg tussen die twee, asook tussen die NEM en die HOP gevind word. Hierdie benadering is 'n gemengde strategie wat herverdeling sowel as ekonomiese groei beklemtoon. Herverdeling moet geïmplementeer word tesame

met toenemende en kontinue ekonomiese groei oor die lang termyn. Die volgende argumente kan ten gunste van hierdie benadering aangevoer word:

- Daar is aangetoon dat ongelyke inkomsteverdeling in Suid-Afrika deur middel van ekonomiese groei verklein kan word. Die deursyferingseffek vind egter nie onmiddellik plaas nie. Volgens McGrath (1990:70) kan ekonomiese groei in Suid-Afrika deur middel van herstelde beleggersvertroue (sodra stabiliteit verkry word) en uitvoergeoriënteerde handelsbeleid toeneem, maar die deursyfering van die voordele uit hierdie groei vind egter nie net altyd oor die kort termyn plaas nie.

- Om net op ekonomiese groei alleen of herverdeling op sigself te konsentreer in 'n poging om werkloosheid, armoede en die ongelyke inkomsteverdeling in Suid-Afrika te verlig of op te los, sal nie die gewenste resultaat behaal nie. Volgens Eckert en Van Niekerk (1993:3) is 'n fundamentele verskuiwing in paradigmas nodig, dit wil sê 'n middeweg, waarin groei (doeltreffendheid) en herverdeling (gelykheid) gelyktydig gestimuleer word. Hierdie middeweg beklemtoon gevolglik die noodsaaklikheid van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika.

- Ekonomiese ontwikkeling behoort deur middel van spesifieke kort- en langtermyndoelwitte verkry te word. Aan die een kant word die herverdeling van inkomste deur middel van ekonomiese groei (herverdeling-deur-groei) as enigste langtermyndoelwit gestel. Aan die ander kant kan die paradigma (herverdeling-deur-groei) die toetrede tot die formele arbeidsmag beperk. Sodanige belemmering en beperking kan ontstaan as gevolg van wydverspreide armoede en vaardigheidstekorte. Die doeltreffendste manier om hierdie probleem van armoede en vaardigheidstekorte op te los, is deur middel van 'n sosiale-opheffingsprogram wat die skepping van infrastrukture en die generering van vaardigheid en werkskepping insluit (Abedian & Standish, 1992:219).

- Volgens Gelb (1990:40) sal die toekomstige rigting van ekonomiese groei in Suid-Afrika bepaal word deur die politieke proses en mag eerder as die debat onder ekonome. Herverdelingsprogramme kan byvoorbeeld oor die lang termyn polities nie-lewensvatbaar word (vanweë gepaardgaande oordragkostes). Om hierdie rede behoort herverdeling in die vorm van beleidspakkette wat korttermyn-, medium- en langtermyngevolge inhou, afgehandel te word. So byvoorbeeld kan voedingskemas (ten opsigte van kinders in die plattelandse gebiede) onmiddellike voordele inhou, terwyl deregulering en die verkryging van samewerking tussen klein en groot ondernemings oor die medium termyn kan help. Oor die lang termyn behoort aspekte soos onder

andere vaardighede, onderwys en uitvoerstrategieë beklemtoon te word. 'n Geleidelike verbetering van lewenstandaarde word gevolglik beklemtoon .

Die eerste paradigma (herverdeling-deur-groei soos deur die NEM ondersteun) behoort as langtermyndoelwit te dien en die tweede paradigma (groei-deur-herverdeling soos deur die HOP ondersteun) as korttermyndoelwit (verligting van werkloosheid, armoede en die ongelyke inkomsteverdeling in Suid-Afrika). Die twee paradigmas behoort dus wedersyds en ondersteunend op streeks- en nasionale vlak aangewend te word.

## 5. Samevatting

As gevolg van die swak ekonomiese groei vanaf die tagtigerjare het werkloosheid in Suid-Afrika toegeneem en het daar 'n negatiewe gemiddelde groei in *per capita*-produk ontstaan, gevolglik het armoede in Suid-Afrika toegeneem. Om hierdie probleem van armoede te probeer oplos moet die owerheid 'n toepaslike beleid volg. Daar is twee denkrigtings vir so 'n toepaslike beleid wat geïmplementeer kan word. Aan die een kant is daar die herverdeling-deur-groei-denkrigting, waar die klem op ekonomiese groei geplaas word. Hiervolgens sal die resultaat van ekonomiese groei uiteindelik outomaties tot herverdeling lei. In hierdie geval moet daar egter gewaak word teen uitbuiting wanneer die individu as gevolg van geldgierigheid en geldsug sy medemens vergeet, en van onbillike handelspraktyke en woekerwins gebruik maak om slegs sy eie materiële welvaart te verhoog. Aan die ander kant is daar die groei-deur-herverdeling-denkrigting waar die klem op herverdeling en gevolglik outomatiese groei geplaas word. In hierdie opsig is die herverdeling van inkomste wat sodoende die lewens-omstandighede van al die inwoners verbeter die belangrikste. Met die inwerking-stelling van groei-deur-herverdeling moet weer gewaak word teen werkvermyding van sommige arbeiders omdat dit later as vanselfsprekend aanvaar word dat bronne verkry word sonder om daarvoor te werk.

As alternatief word aanbeveel dat uit die twee denkrigtings 'n beleid nagestreef word wat sowel groei as herverdeling beklemtoon. Ekonomiese groei hang grootliks af van die persone wat as entrepreneurs optree en met hul inisiatief nuwe produksie tot gevolg het. Hul vergoeding sal dan uiteindelik hoër wees en as hierdie ryker deel van die bevolking meer spaar, kan dit tot verdere investering lei sodat ekonomiese groei verder gestimuleer word. Terselfdertyd moet her-verdeling plaasvind om die sosiale omstandighede van al die inwoners in die land te verbeter. Dan sal die doelstelling van ekonomiese ontwikkeling die beste bereik word. Die twee denkrigtings moet as komplementêr en nie as substitute gesien word nie.

## Bronnelys


ABEDIAN, I & STANDISH, B. 1990. Policy and economic development. (*In* Schrire, R. *ed.* Critical choices for South Africa. Cape Town : Oxford University Press. p. 326-340.)

ABEDIAN, I. & STANDISH, B. 1992. Economic growth in South Africa. Kaapstad : Oxford University Press.

ANC (AFRICAN NATIONAL CONGRESS) 1990. Discussion document on economic policy. Johannesburg : ANC Economic Policy Department.

ANC (AFRICAN NATIONAL CONGRESS) 1994. The Reconstruction and Development Program. Johannesburg : Umanyano Publications.

BARKER, F.S. & BACKER, W. 1992. Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. Pretoria : Van Schaik.

CHENERY, H. 1974. Redistribution with growth. London : Oxford University Press.

CLAUSEN, Z. 1994. Werkskepping onder die NEM en HOP met spesifieke verwysing na die Oranje-Vrystaat. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.Com-skripsie.)

CLINE, W. 1972. Potential effects of income redistribution on economic growth: Latin American cases. New York : Praeger Publishers.

DOLLERY, B.E. 1993. A conceptual framework for the growth and redistribution debate in South Africa. *Development Southern Africa*, 10(1):23-31, February.

DORNBUSCH, R. & EDWARDS, S. 1990. Macroeconomic populism. *Journal of Development Economics*, 32:247-277.

ECKERT, J.B. & MULLINS, D. 1989. Income redistribution and its effects on the South African economy. *SEE*, 13(3):1-20.

ECKERT, J.B. & VAN NIEKERK, L.K. 1993. The horns of a dilemma: Economic discipline and economic development in South Africa. *Development Southern Africa*, 10(1):3-21, February.

GELB, S. 1990. Democratizing economic growth: Alternative growth models for the future. *Transformation*, 12:25-41.

LOOTS, L., MOLL, P.G. & NATTRESS, N. 1991. Redistribution: How can it work for South Africa? Claremont : David Phillip Publishers.

MAASDORP, G. 1990. The role of the state in the economy. (*In* Schrire, R. *ed.* Critical choices for South Africa. Cape Town : Oxford University Press. p. 188-214.)

McGRATH, M.D. 1990. Income redistribution: the economic challenge for the 1990s. (*In* Schrire, R. *ed.* Critical choices for South Africa. Kaapstad : Oxford University Press. p. 92-108.)

MOHR, P. & FOURIE, L. 1995. Economics for South African students. Pretoria : Van Schaik.

MOLL, T 1991. Growth through redistribution. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 59(3):313-330, Sept.

RSA = Suid-Afrika (Republiek). 1984. Witskrif oor 'n strategie van werksgeleenthede in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.

SAMUELSON, P.A. & NORDHAUS, W.D 1989. 13th ed. Economics. New York : McGraw-Hill.

SEAD (Sentrale Ekonomiese Adviesdiens). 1993. Die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse Ekonomie: 'n Normatiewe modelbenadering. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK, *Kwartaalblad*, Desember 1996.

TERREBLANCHE, S. 1992 Equity and growth. (*In* Schrire, R *ed.* Wealth or poverty? Cape Town : Oxford University Press. p. 250-273.)

TODARO, M.P. 1990. Economic development in the Third World. New York : Longman.